

DOKUMENTASIE

DIE SUIDER-AFRIKAANSE VERENIGING VIR DIE
BEVORDERING VAN BYBELKUNDE

K O N S T I T U S I E

1 NAAM

Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Bybelkunde.

2 DOELSTELLINGS

- 2.1 Om professionele en navorsingsbedrywighede op die gebied van Bybelkunde te koördineer en te bevorder.
- 2.2 Om skakeling en goeie verhoudings tussen Bybelkunde= dosente onderling sowel as met dosente in aanverwante dissiplines, staatsdepartemente wat gemoeid is met Bybelkunde en universiteite en staatsonderwyskolleges wat Bybelkunde aanbied, uit te bou.
- 2.3 Om goeie verhoudings met die bestaande werkgemeenskappe en verwante organisasies na te streef.
- 2.4 Om te waak oor die standaard van sillabusse en van die beoefening van die vak.
- 2.5 Om hom te beywer vir die doeltreffende opleiding van onderwysers en ander belangstellendes in die vak.
- 2.6 Om inligting op die gebied van Bybelkunde te versamel en te versprei.
- 2.7 Om die algemene belange van sy lede te bevorder.

3 WERKSMETODES

Die Vereniging streef sy doelstellings na deur:

- 3.1 navorsing en die loodsing van ondersoeke; die hou van kongresse, besprekings en vergaderings; samesprake met mekaar en met ander belanghebbendes; die publikasie van stukke; en die neem van enige ander stappe wat wenslik geag mag word;
- 3.2 die bevordering van die standaard van Bybelkunde aan sekondêre en tersiêre onderwysinrigtings; en
- 3.3 die bekendstelling van die waarde van Bybelkunde aan die publiek.

4 LIDMAATSKAP

4.1 Kategorieë

Die Vereniging maak voorsiening vir twee kategorieë lidmaatskap, te wete lede en ere-lede.

4.1.1 Die volgende persone kwalifiseer as lede: Persone gemoeid met die onderrig van Bybelkunde aan universiteite en staatsonderwyskolleges; onderwysdepartemente se personeellede wat gemoeid is met die beplanning, beheer en inspeksie van Bybelkunde op sekondêre en tersiêre vlak.

4.1.2 Ere-lede: 'n Persoon kan deur die Vereniging uitgenooi word om 'n ere-lid van die Vereniging te word. So 'n persoon moes hom/haar onderskei het deur uitstaande prestasies of diens op die gebied van Bybelkunde. Ere-lede sal al die regte en voorregte van lede geniet.

4.2 Algemene reëls ten opsigte van lidmaatskap

4.2.1 Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik aan die Algemene Sekretaris gerig word.

4.2.2 Die reg tot die aanvaarding van die aansoek om lidmaatskap word deur die Uitvoerende Komitee van die Vereniging voorbehou en is onderhewig aan bekragtiging op die algemene jaarvergadering van lede.

4.2.3 Alle lede van die Vereniging se lidmaatskap is onderhewig aan betaling van die voorgeskrewe ledegeld. Waar 'n lid in gebreke bly om die ledegeld te betaal, kan sy/haar lidmaatskap beëindig word.

4.2.4 'n Lid mag sy/haar lidmaatskap beëindig deur die Algemene Sekretaris van die Vereniging skriftelik daarvan in kennis te stel.

4.2.5 Geen lid wie se ledegeld agterstallig is, beskik oor stemreg by algemene vergaderings nie. 'n Lid verloor sy lidmaatskap outomaties indien sy ledegeld drie jaar agterstallig is.

4.2.6 Die Uitvoerende Komitee van die Vereniging het die gesag om enige lid te skors of sy lidmaatskap op te hef in geval van verbreking van die reëls van die Vereniging. Geen lid sal geskors of sy lidmaatskap opgehef word nie behalwe indien daar met betrekking tot sodanige aksie ooreengekom is deur nie minder nie as twee-derdes van die lede van die Uitvoerende Komitee. So 'n lid sal die reg hê om persoonlik teenwoordig te wees by 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee voordat 'n finale besluit ten opsigte van sy skorsing of die opheffing van sy lidmaatskap gemaak word.

5 BESTUUR

5.1 Die algemene beheer van die Vereniging en die uitvoering van sy beleid berus by die Uitvoerende Komitee van die Vereniging.

5.2 Die Uitvoerende Komitee sal bestaan uit 'n Algemene Sekretaris wat as Voorsitter van die Uitvoerende Komitee optree, 'n adjunksekretaris, 'n tesourier en twee addisionele lede.

5.3 Lede van die Uitvoerende Komitee word jaarliks by die algemene jaarvergadering per geslote stembrief verkies deur die aanwesige lede.

5.4 Funksies van die Algemene Sekretaris:

5.4.1 om as Voorsitter van die Uitvoerende Komitee op te tree;

5.4.2 om alle korrespondensie namens die Vereniging te voer;

5.4.3 om inisiatief te neem in die bevordering van die Vereniging se doelstellings.

5.5 Funksies van die Uitvoerende Komitee:

5.5.1 Die Uitvoerende Komitee vergader minstens twee keer per jaar.

5.5.2 'n Korum vir die Uitvoerende Komitee sal be=

staan uit die helfte plus een van die verkose lede.

5.5.3 Lede van die Uitvoerende Komitee behou hulle ampte totdat 'n nuwe Komitee behoorlik volgens bepaling 5.3 hierbo verkies kan word, maar die Uitvoerende Komitee mag met meerderheid van stemme toevallige vakatures op die Uitvoerende Komitee vul tot die volgende algemene jaarvergadering.

5.5.4 Die opstel en toepassing van 'n huishoudelike reglement indien noodsaaklik geag.

5.5.5 Die hou van notules van alle vergaderings van die Vereniging en van die Uitvoerende Komitee en die behartiging van die finansies van die Vereniging.

5.5.6 Aanbevelings met betrekking tot ledegelde word aan die algemene jaarvergadering voorgelê.

5.5.7 Die uitbouing van die doelstellings van die Vereniging ten opsigte van opleiding, navorsing en praktykbeoefening.

5.5.8 Die reël van kongresse.

5.5.9 Die uitnooding van geleentheidsprekers en waarnemers na kongresse toe.

5.5.10 Om aandag te skenk aan enige ander aangeleentheid wat vir die Vereniging ter sake is.

6 KONGRESSE EN VERGADERINGS

6.1 Die Uitvoerende Komitee reël sover moontlik jaarliks 'n kongres vir die bevordering van die doelstellings van die Vereniging.

6.2 Die gasheer-universiteit/kollege wys 'n kongresvoorsitter en 'n kongressekretaris aan om die reëlins van die kongres te behartig.

6.3 Tydens die duur van die kongres word daar 'n algemene jaarvergadering gehou.

6.4 Die Algemene Sekretaris mag 'n buitengewone algemene vergadering belê wanneer hy dit nodig ag of op skriftelike versoek van minstens vyftien lede.

6.5 Alle lede sal minstens een maand vooraf skriftelik van algemene vergaderings in kennis gestel word.

- 6.6 By die algemene jaarvergadering of by 'n buitengewone jaarvergadering bestaan 'n kworum uit die aanwesige lede.
- 6.7 Tydens 'n algemene vergadering sal die meerderheidstem beslissend wees.
- 6.8 Die algemene vergadering wys telkens 'n voorsitter aan vir die duur van die betrokke vergadering.
- 6.9 Die voorsitter sal by alle vergaderings waar daar 'n staking van stemme is die beslissende stem hê.
- 6.10 Ledegelde, soos deur die Uitvoerende Komitee aanbeveel, word op die algemene jaarvergadering vasgestel.
- 6.11 Die tesourier sal 'n finansiële verslag, gesertifiseer deur honorêre ouditeurs, vir goedkeuring deur die algemene vergadering tydens die algemene jaarvergadering voorlê.
- 6.12 Op die algemene jaarvergadering word die lede van die Uitvoerende Komitee per geslote stembriefie aangewys.

7 WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE

- 7.1 Wysiging van die konstitusie moet deur 'n twee-derde-meerderheid van die aanwesige lede van die Vereniging by die algemene vergadering goedgekeur word.
- 7.2 Kennisgewing van 'n mosie tot konstitusionele wysiging moet minstens drie maande voor 'n algemene vergadering aan die Uitvoerende Komitee geskied.

8 ONTBINDING

- 8.1 Die Vereniging sal ontbind indien so 'n besluit deur 'n twee-derde-meerderheid van die aanwesige lede van die Vereniging by 'n algemene vergadering geneem word.
- 8.2 Die bates van die Vereniging sal by ontbinding op aanbeveling van 'n twee-derde-meerderheid van die stemgeregtigdes by die ontbindingsvergadering geskenk word aan 'n goedgekeurde instansie(s).
- 8.3 Die laste van die Vereniging bly die gesamentlike aanspreeklikheid van al die lede van die Vereniging.